besoek Hawaii op uitnodiging van 16 tot 26 Februarie 2026.

Daar is gereël dat David en Sue byeenkomste dwarsdeur Suid-Afrika gaan toespreek gedurende Mei, Junie, Oktober en November 2026. Gedurende hierdie tyd sal die span werkers in Japan steeds voortgaan met die werk om die ongeredde mense te bereik en die kerke te ondersteun.

**Bid** asseblief vir hulle beskerming en hulle vermoë om effektief die visie van die werk oor te dra wanneer hulle byeenkomste hou as verteenwoordigers van Japansending.

## BYBELS VIR SJINA

'n Bedieningsvennoot van Japansending het onlangs gedeel:

"Deur God se genade kon ons ongeveer 200 000 Bybels in die laaste 1½ jaar versprei. Ons kry voortdurend versoeke vir meer Bybels, dus is daar 'n dringende behoefte om meer Bybels te druk. 'n Goeie kwaliteit Sjinese Bybel kan gedruk word vir slegs R50 (JP¥350) per Bybel.

"Aktiwiteite het dramaties verminder as gevolg van COVID, maar die Here open nou nuwe geleenthede, en Bybels is weer op pad na diegene wat dit so nodig het."

Sedert New Life Ministries in die laat 1970's begin het om die Bybels vir Sjina te druk, het hulle oor die 20 miljoen Bybels in Sjina ingeneeem! Ons is baie dankbaar teenoor diegene wat oor die jare die werk in Sjina ondersteun het.

**Bid** asseblief dat God die nodige bronne sal voorsien. **Bid** ook vir wysheid en beskerming vir die Bybelkoeriers, wat dikwels groot risiko's neem om dit te doen.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAVID EN SUE VERWEY BEPLAN OM SUID-AFRIKA GEDURENDE 2026 TE BESOEK**
**Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

GEROEP OM TE DIEN

**MAART/APRIL 2026**

## PRIORITEITE VERANDER

Shinji Wakura is in 1946 gebore in 'n middelklas hardwerkende gesin in Osaka, Japan. Dit was net na die Tweede Wêreldoorlog toe almal gesukkel het om kop bo water te hou.

Shinji se moeder was 'n toegewyde Christen. Sy wou graag Christelike waardes by Shinji inprent. Sy het vir hom gesê dat sy nie vir hom sy weeklikse toelaag gaan gee totdat hy die plaaslike kerk se Sondagskool begin bywoon nie.

Shinji se pa was 'n hardwerkende sakeman wat 'n hele aantal maatskappye op die been gebring het. Hy het die Christendom se beginsels gerespekteer, maar nie tyd gemaak om kerk toe te gaan nie. Toe Shinji ouer was, het hy by 'n universiteit in die VSA gaan studeer. Na hy teruggekeer het na Japan het hy in sy pa se voetspore gevolg en 'n toegewyde sakeman geword.

Shinji is later getroud met Rieko en hulle is geseën met twee kinders. Eendag in 1978 het Shinji, toe hy na 'n lang dag van die werk af gekom het, vir die 15-jarige Sue McKean (nou Verwey) in sy sitkamer gevind waar sy vir die seuntjie 'n skoon doek aangesit het. Sue het vriende gemaak met Rieko en hulle dikwels besoek om die twee kleintjies op te pas.

Die Wakura gesin het nie kerk toe gegaan nie, maar die Here het die getroue gebede van Shinji se ma verhoor deur die saad wat gesaai is deur die vriendskap wat God tussen Sue en Rieko bewerkstellig het.

Die Here het Shinji geseën deurdat hy suksesvol 'n aantal besighede kon beheer het. Rieko en Sue se vriendskap het gegroei, terwyl David Verwey en Shinji ook goeie vriende geword het.

David en Sue kon dikwels tydens die jare van vriendskap geleenthede kry om teenoor hulle te getuig. Die vrug van hierdie vriendskap kon duidelik gesien word by Sue se moeder se begrafnis (2009), en David se moeder (2008) en vader

**Verteenwoordigers in Japan: DAVID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 377-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

(2013) se begrafnisse. Shinji en Rieko het elke begrafnis bygewoon en daar weggegaan met ’n dieper bewuswording van die hoop wat Christene het in Jesus en die Hiernamaals.

Nadat die 68-jarige Shinji David se vader se begrafnis in 2013 bygewoon het, het Shinji vir David gesê: “By die begrafnis vandag het ek besef ek moet weer teruggaan na my wortels en na wat my moeder my geleer het.” Mettertyd het God stadigaan sy gesindheid verander en het hy selfs begin donasies gee vir Japansending.



**David & Sue saam met Shinji & Rieko by die afskeidspartytjie**

In Julie 2025 toe die 80-jarige Shinji aftrede begin oorweeg het, is hy gediagnoseer met terminale breinkanker. Toe hy hoor van die kanker het sy prioriteite verander. Die saad wat sy moeder in sy hart gesaai het vir soveel jare, het begin vrug dra.

“Partymaal het Sue saam met Rieko gaan inkopies doen en my vir ’n besoek by Shinji gelos,” het David gedeel. “Ons het kosbare geselsies en tye vir gebed gehad by hierdie geleenthede. Dit was so goed om te hoor dat Shinji sê: ***‘Dit maak nie saak wat gebeur nie, nou is ek nie meer bekommerd nie, want ek weet nou Jesus is by my.’*** Ek kon sien dat die lig in sy hart en gedagtes aangegaan het en dat God sy hart verander het.”

Dit was in hierdie tyd wat die Here in Shinji se hart ’n dringende begeerte laat ontstaan het om ’n afskeidspartytjie te hou vir sy naaste vriende. Shinji wou hê dat sy ongeredde vriende moet weet dat hy nou ’n Christen is en dat hulle dieselfde hoop wat hy ín Jesus en die Hiernamaals het ook vir hulle beskore is.

Na baie beplanning is al die reëlings getref om hierdie partytjie te hou op die 13de Julie 2025. Omtrent 60 uitnodigings is uitgestuur en al die eetgoed is bestel.

’n Dag voor die partytjie het Shinji hoë bloeddruk ontwikkel. Hy was duiselig en kon nie loop nie. Hulle het met hom hospitaal toe gejaag waar hy medikasie ontvang het en opgeneem is vir observasie. Die afskeidspartytjie was gereël vir die volgende dag en ons het gewonder of ons die partytjie moet kanselleer en die 60 mense dan moes bel.

Genadiglik het die hospitaal Shinji dieselfde aand ontslaan omdat sy bloeddruk wonderbaarlik gedaal het.

Die volgende dag het ek en Sue Shinji en Rieko by hul huis gaan oplaai en hulle met die kar na sy sakeonderneming in Osaka geneem. Daar is die partytjie vir sy 60 vriende gehou wat almal nie-Christene was.

Ons het eers twee liedere gesing: ***Wat ’n Vriend het ons in Jesus en Genade onbeskryflik groot.*** David het toe ’n getuienis oor die hoop wat ons in Jesus het, gedeel, asook die lewe hierna in 'n stad met strate van goud en poorte van pêrels. Dit was die eerste keer wat Shinji se vriende die Goeie Nuus gehoor het.



’n Paar dae later is Shinji gehospitaliseer vir langtermynbestraling en rehabilitasieterapie. Ek en Sue het Shinji en Rieko baie keer in die hospitaal besoek. Elke keer het David ’n vers uit die Bybel gedruk om dit met hulle te deel en saam met hulle te bid.

Shinji het gretig na Psalm 23 geluister en gebid. By een geleentheid het David Johannes 14:27 gedeel: ***‘Vrede laat ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie’***

Toe David daardie woorde lees, was beide in trane.

Shinji het gesê: “Baie dankie, hierdie vers is vir my! Ek gaan dit langs my kussing hou.”

Rieko het tranerig gedeel: “Baie dankie. Daar is ’n God! Hierdie is die Bybelvers wat ons nodig gehad het! Shinji het verskriklike drome gehad, en hy het ’n probleem gehad om te onderskei tussen sy drome en die werklikheid. Eenkeer toe hy wakker geword het, het hy my nie herken nie. ’n Ander keer het hy gedroom hy het ’n bom gemaak en dit is op die punt om te ontplof. Hy het paniekbevange wakker geword en gesê ons moet vlug!”

Soos die kanker versprei het, is daar aan Shinji medikasie gegee wat hom meer laat slaap het. Ons was deeglik bewus daarvan dat Shinji se stryd in sy gedagtes was.

Ons bid dat die Heilige Gees vir hom ’n vredevolle gees in sy hart sal gee en dat hy in staat sal wees om elke gedagte gevange te neem.

Hierna, wanneer Shinji aan die slaap wil raak, speel Rieko vir hom, ***Wat ’n Vriend het ons in Jesus,*** wat op haar foon in Japannees is en daarmee raak hy dan aan die slaap. Later het ons vir haar ***Genade onbeskryflik groot*** in Japannees op YouTube gestuur.

Die Heilige Gees het tot Shinji gespreek deur hierdie liedere. Op hierdie manier het ons begin gebruik maak van selfone om die siekes te bemoedig en hul geloof te versterk.

Die Wakura gesin was ontsettend dankbaar vir die manier waarop ons hulle bygestaan het tydens hierdie baie moeilike omstandighede. Dit was ’n voorreg om tydens hierdie tyd aan hulle te getuig. **Bid** dat die Here sal voortgaan om Shinji en sy gesin te seën. **Bid** dat die hele familie die Here Jesus Christus as hul Verlosser sal leer ken. Ten tye van die druk van hierdie Nuusbrief is Shinji se toestand onveranderd en slaap hy meeste van die tyd.

## DAVID & SUE VERWEY

Die getroue gebede en finansiële ondersteuning van die vriende van Japansending speel nog steeds 'n belangrike rol in die sukses van die werk. Die uitdaging bly steeds om voort te gaan met die sendingwerk en die ondersteuners op die hoogte te hou van die vordering met die werk.

As gevolg van die COVID-reisbeperkings was dit vir meer as 7 jaar moeilik vir die verteenwoordigers van Japansending om dele van Suid-Afrika, die VSA, die VK en Kanada te besoek.Hul